

VAK: AFRIKAANS HT GRAAD: 12 LESPLAN 4 KWARTAAL 4 TYD: Dubbelperiode					
KERNINHOUD: Hersiening: Vraestel 2 – Die literêre opstel: Ontleding en beantwoording van vraag; bespreking van memo.					
LEERUITKOMS 1: Luister en Praat		LEERUITKOMS 2: Lees en Kyk		LEERUITKOMS 3: Skryf en Aanbied	
Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.		Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.		Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.	
Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes		Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering		Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks	
Beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspressief aan te bied		Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en audiovisuele tekste		Toon die gebruik van gevorderde skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes	
Toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings		Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste		Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan:	
Toon kritiese taalbewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies		Verken en evalueer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word			
ONDERRIGAKTIWITEITE		LEERDERAKTIWITEITE		BRONNE	
Deel 'n paar eksemplare van Vraestel 2, aan kandidate uit (Bv. Modelvraestel van 2009)		Stap 1: Leerders bestudeer Vraag 1.		Vraestel 2	
Vraag 1: Gedigte – Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede		Stap 2: Ontleding van vraag.		Klas aantekeninge oor gedigte, studiegidse.	
OPSTELVRAAG Die gedig lewer satiriese kommentaar op verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250-300 woorde deur te verwys na: - tersiêre instellings - die sosiale lewe en media - die leeskultuur en waardering vir die skone kunste - die soort samelewing wat die spreker verkies. [10 punte]		1. Wat is 'n satire? 2. Waarna verwys "tersiêre instellings"? 3. Wat behels "sosiale lewe" en die "media"? 4. Verklaar "leeskultuur"? 5. Waarna verwys die "skone kunste"? 6. Wat verstaan jy onder begrip: "samelewing"? Eers as leerders hierdie vrae kan beantwoord, kan hulle hierdie vraag aandurf.		MEMORANDUM: VRAAG 1: Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede - T.T. Cloete Tersiêre instellings: Die spreker voer aan dat die studente aan universiteite halfgeleer is omdat hulle meer in sport as in hul studies belangstel. Ook is daar te veel universiteite waar die dosente meer geïnteresseerd is in sosiale verpligtinge as in akademiese werk. Sosiale lewe: Wat die sosiale lewe betref, is Suid-Afrikaners te veel in die buitelig besig met sport en vleisbraai. Satire: Die spreker spot ook met die	
				ASSESSERING	
				Datum	
				Kandidate beantwoord die vraag en lewer in vir assessering: 10 punte	
				Verduidelik aan kandidate hoe die nopstel bepunt word.	
				BEOORDELING VAN INHOUD BY DIE LIT. OPSTEL (in algemeen) <ul style="list-style-type: none"> • 15 feite nie = 15 punte; • Geheel beoordeel • 10 regmerkies dalk 15 punte • Regmerkies: as argument volledig is; 2 of drie sinne • Duidelik: stelling; verduidelik + voorbeeld = 1 merk • Regmerkies = aanduiding van verloop van argumente; 	

<p>Onderwyser hersien die skryf van 'n opstel tipe vraag in die letterkunde.</p> <p>Wenke by die skryf van 'n literêre ontleding</p> <p>1. Skryf in die teenwoordige tyd: Voorbeeld: "Barrie Hough se roman <i>Skilpoppe speel af</i> teen die agtergrond van ..."</p> <p>2. Hou jouself uit die ontleding. Dus nié: "Ek dink die dialoog van die hoofkarakter is oortuigend, want volgens my is" nié.</p> <p>3. Moenie die intrige opsom, d.w.s. die storie oorvertel nie. Die literêre opstel is 'n ontleding en verduideliking van jou mening.</p> <p>4. Moenie bloot die mening van 'n kritikus herhaal nie. Die literêre opstel bied die kans om jou eie standpunt te formuleer. Sorg net dat jy dit met aanhalings uit die teks kan bewys.</p> <p>5. Moenie veralgemeen of gorrel nie. Sorg dat jy die literêre begrippe kan raaksien en in jou opstel kan gebruik, bv. tema, ruimte, vertelperspektief, dramatiese ironie, ens.</p> <p>6. Die skrywer teenoor die verteller. Die skrywer is nie noodwendig die verteller (van die verhaal) of die spreker (in die gedig) nie. Marita van der Vyver is die skrywer van <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>, maar Hanna is die ek-verteller deur wie se oë die gebeure gesien word.</p> <p>7. Baie belangrik: Gebruik die PIV-formule in elke paragraaf. P Watter punt maak jy? I Illustreer dit m.b.v. 'n aanhaling of bewys uit die teks. V Verduidelik waarom jy die aanhaling gebruik het.</p>	<p>Stap 3: Beplanning van opstel. Soek geskikte voorbeelde uit gedig om elkeen van die onderafdelings van die vraag te beantwoord</p>	<p>groot aantal skoonheidskompetisies wat nie op ware, innerlike skoonheid fokus nie.</p> <p>Leeskultuur/Skone kunste: Koerante het te oppervlakkig geword en stel misdadigers soos helde voor. Daar is 'n gebrek aan 'n leeskultuur en kunswaardering. Mense is meer in die buitelig as binne waar hulle voor kaggels kan lees.</p> <p>Soort samelewing: Die spreker verkies 'n samelewing waar mense waardering het vir dieper waardes en kreatiwiteit bo die oppervlakkige verkies. [10]</p> <p><i>[Wys leerders daarop dat geen opskrifte in 'n opstel gebruik word nie. Hier word dit gebruik vir onderrigdoeleindes.]</i></p>	<ul style="list-style-type: none"> • Memo wat rubriek aanvul: verwagte feite aandui; moet in memo binne beperkte lengte aangedui word; • Verband tussen Inhoud en Taal & Styl: • Bepunt, selfs as vraag misverstaan is, behalwe as oor ander werk skryf • Kan goeie punte kry, selfs al is Inhoud nie so goed nie • Gewoonlik korrelasie 	
--	--	--	---	--

		Woordeboeke		
Tuiswerk: Beantwoord 'n soortgelyke opsteltipe vraag.				
Verryking/Uitgebreide geleentheid:				
Nabetragting: Was die les 'n sukses of nie?				hhk270809